

# BETTIE EN DIE BERGMONSTER



**DEUR JANA SNYMAN**

[afrikaans.com](http://afrikaans.com)

# DEUR JANA SNYMAN

KOPIEREG WORD VOORBEHOU DEUR DIE SKRYWER

## Bettie en die bergmonster ...

Bettie sit en staar by die groot venster uit met 'n uitsig oor die Paarlberg. Hulle huis was nog altyd vir haar lekker. Anders as haar ander maatjies s'n is die Le Roux's se huis teen die hange van die berg gebou en kan Bettie elke oggend en aand voor sy gaan slaap by die venster uitstaar om te sien of sy die gloeiende bergmonster iewers gevwaar.

“Ai,” sug Bettie.

“En daai sug?” lag Bettie se ma toe sy sien hoe Bettie vroeg die oggend, neus teen die venster, na die berg sit en kyk.

“Die bergmonster het julle gehoor spot met hom en nou wil hy nie uitkom nie. Die vakansie is tog so vervelig ... ek soek ook 'n bietjie opwinding,” antwoord Bettie mismoedig.

“Wel, jy kan altyd met jou boetie speel as jy wil, maar vergeet van die bergmonster. Die berg is nie 'n plek vir jong dogtertjies soos jy nie!” spot Bettie se ma terwyl sy een van haar twee poniesterte speels trek en uit die kamer loop.

“Mpf!” mompel Bettie. “Ek is g'n bang vir 'n ou monster nie ... ek wil nie baklei nie, ek wil net 'n avontuur hê ...” dink Bettie hardop terwyl sy kombuis toe loop om haar *Fruit Loops* te gaan haal.

Daardie aand, voor slapenstyd, gaan sit Bettie oudergewoonte weer voor die venster en kyk stip na die berg. Dis pikdonker en nie eens die sterre wil vanaand skyn nie. Net voor Bettie opgee, vee sy met haar hande oor haar oë om vir oulaas te kyk of sy nie tóg iets in die berg gewaar nie.

Terwyl sy nog so kyk, skiet daar 'n blouerige-pienk lig deur die takke van die bos. Die een oomblik is dit daar, maar dadelik is dit net weer weg.

“Aikona,” mompel Bettie verward. Sy vee weer oor haar oë, knip hulle 'n paar keer en slaan haarself teen die kop net om seker te maak haar brein sit nog waar dit moet.

Sy kyk weer stip na waar sy die lig gesien flits het. Wat as haar ma-hulle verkeerd is en daar tog regtig 'n bergmonster is?

Weer flits daar 'n blouerige-pienk lig deur die bosse.

“Wragtie!!” skree Bettie dit uit. Sy is nie mal nie! Daar was 'n duidelike flits.

Bettie sit vir 'n oomblik botstil. So wat nou? Sy wag al so lank vir 'n teken van die bergmonster en nou dat sy dit het, begin sy nou 'n bangbroek word? A nee a!

Bettie spring op, gryp haar jas wat oor die stoel hang en kyk dan rond in haar kamer. Sy trek haar reënstewels aan en vat haar pienk *Barbie*-flitslig. Sy sit hom twee keer aan en af net om seker te maak die ding se battery gaan nie dood as sy in 'n tak of iets dergliks vasloop nie.

“Oehhhhh-ahhhhhhhh,” haal Bettie diep asem. Dis die dag waarop sy al só lank wag. Sy wat Bettie is gaan nou die bergmonster konfronteer!

Toe sy veilig by die agterste tuinhekkie uit is, haal sy weer diep asem. Dit was darem nie so moeilik soos wat sy gedink het nie. Haar ma-hulle en broer slaap al lankal en gelukkig was haar pa al weer sy verstrooide self en het nie die alarm aangesit nie. Hulle tuinhekkie loop uit op die hange van die Paarlberg en gelukkig hoef sy nie te ver te loop om by die berg op te gaan nie.

Sy begin teen 'n rustige pas die grondpaadjie uitloop. Baie versigtig en effens bang, want *heng* sy het nog nooit in die aand dié pad geloop nie en dis nog boonop donkermaan. “Mooi, Bettie ...” praat sy met haarself. “Jy kies mos nou die *scary-ste* aand om die bergmonster te gaan soek! En wat as hy so massief is dat hy jou met een slag met sy groot poot doodtrap?” vra Bettie haarself af terwyl sy vies padlangs aanstap.

Al wat Bettie nog gehoor het van die legendariese bergmonster is dat hy al vir langer as 'n 100 jaar in die berg woon en nog elke keer as die kinders na hom gaan soek het, een van hulle verdwyn het en nooit weer hul ma en pa gesien het nie.

Bettie ril. Sy wil baie graag weer haar ma en pa sien. En selfs haar boetie, al maak hy haar soms mal! Sy wil nie regtig vanaand alleen deur 'n monster getrap of gevreet word nie? Nee, besluit Bettie ... so lus vir avontuur soos sy tans is, gaan sy nie vanaand die kans waag om doodgetrap te word nie. Sy sal liewers haar *Fruit Loops* eet en prentjies teken saam met haar boetie as om 'n bergmonster te gaan soek.

Net voor sy omdraai om terug te gaan, vries Bettie skielik in haar spore. Uit die hoek van haar oog sien sy dit ... daardie einste blouerige-pienk skynsel wat sy vroeër in haar kamer gewaar het! Bettie staan gevries in haar spore, te bang om te beweeg. Sy probeer haar asem ophou sodat sy nie 'n geluid maak en die bergmonster sommer kwaad maak nie. Sy hoor 'n geritsel in die bosse en haar moed sak in haar skoene. Dit wat naderkom moet baie groot wees, want die bosse skud en kraak en breek dat dit bewe!

Ag nee, dink Bettie, terwyl haar hele lyf bewe, hoekom het ek nie net na my ma geluister nie? Sy staan botstil terwyl sy wag vir die bergmonster se warm en stink asem om in haar gesig te blaas en die kwyl wat oor haar hele lyf gaan loop.

Net voor sy dink dit is haar laaste dag op aarde, voel sy ietsie aan haar voet krap. Ag nee, dis seker die monster se grillerige toonnael wat haar nou krap. Hy wil

haar seker uittart of iets! Sy bly net botstil staan, ogies toe, hande in 'n vuis en reg om in die monster se maag te beland.

“Ey, maak oop jou oë,” hoor sy 'n piepstemmetjie. Dit klink of die stem van onder af kom? Durf sy haar oë oopmaak en kyk? Of is dit juis die monster se plan?

Weer voel sy ietsie wat haar voet krap, maar die keer ontaard dit in 'n gekielie! Sy wil-wil giggel vir die gevoel op haar tone, maar die gedagte aan die bergmonster wat dalk met vurige rooi oë na haar staar, keer haar.

“Maak nou oop jou oë en kyk af!” hoor sy weer die piepstemmetjie hier onder haar praat. Bettie sluk aan die massiewe appel van 'n knop in haar keel en maak haar oë stadig oop. Sy is stomgeslaan. Voor haar sien sy die mooiste mengsel van bloueriige-pienk liggies wat die hele bosagtige prentjie voor haar ophelder. Dit lyk soos die mooiste vuurvliegies wat op elke tak en blaar rondans! Sy het nog nooit sulke mooi kleure gesien nie, nie eens in 'n reënboog nie!

“Ai tog! As jy nie jou oë toekny nie, dan staar jy soos 'n vertraagde vlieg na die oopte! Is jy dom of is jy net vaak?” vra die piepstem van onder af.

Bettie kom tot verhaal toe sy besef dat daar geen monster is wat met lang tande bo haar uittoring nie en sy kyk stadig af na waar die stem vandaan kom. Onder op die punt van haar groottoon staan die mooiste en vetste wurm wat sy nog ooit gesien het. Hy rus sy voorpote op haar groottoon en met potbou oë kyk hy op na haar.

“Wag ... die, die monster? ... die liggies wat skyn ...” stotter sy en wys met haar vinger na die lig bokant haar.

“Jaaa-aaaa ek weet, ek weet! Ek is so mooi en jy wens jy kon net so *cool* soos ek wees,” laat die wurm hoor en rol sy oë. “My vel was nog altyd baie sensitief vir sonlig, en as ek te lank in die son was dan maak my vel sulke snaakse verskynsels in die aand,” antwoord die wurm asof daar niks vreemd is nie.

“Aangesien jy nie maniere het nie ... My naam is Gielie die gloeier, en joune?” vra die wurm terwyl hy staar na Bettie se gesig wat duidelik nog nie kan glo wat om haar aangaan nie.

“Uhm ... my naam ... is ... “ vir 'n oomblik kan Bettie glad nie onthou wat haar naam is nie. Al wat sy weet is dat sy voor 'n gloeimonsster staan, maar die monster kan praat en hy is nie grillerig nie? Haar maatjies sal haar NOOIT glo nie!

Bettie skrik uit haar dagdroom uit en onthou dat die wurm haar 'n vraag gevra het.

“Uhm, my naam is Bettie,” antwoord sy nog steeds deurmekaar.

“Hoe is dit dat jy kan praat? En ek dog die vreemde skynsels behoort dan aan die bergmonster?” vra Bettie.

“Wel eerstens, ek verstaan nie hoekom ek nie mag praat nie, mppf! Wurms is ook slim, hoor! En tensy jy dink ek is grillerig en lelik, is ek beslis nie ‘n bergmonster nie,” antwoord Gielie kwaai en begin van Bettie se voet afseil.

“Nee, ek is jammer. Dis nie wat ek bedoel het nie,” antwoord Bettie terwyl sy na die gloeiende wurm kyk.

Sy sak af op haar knieë en gaan sit pens en pootjies op die grond.

Gielie kom tot stilstand en kyk Bettie skepties aan.

“Wat soek jy in elk geval die tyd van die aand hier bo, mmmm?” vra Gielie.

“Wel, mens kan nie juis slaap as jou lyf-liggies so helder skyn nie, hoor!” snip Bettie.

“Wel van nou af sal ek dit dan meer doen, “ laat Gielie hoor.

“Hoekom,” vra Bettie verontwaardig.

“Sommer, want ek kort ‘n maatjie ... dit raak nogals alleen hier in die berg.”

Bettie is sommer dadelik in haar noppies. Die mooi reënboog-wurm wil haar maatjie wees! Nou DIS mos ‘n avontuur vir jou! Nie daai simpel uitstappies na die museum wat juffrou Skeeloog hulle altyd dwing om te doen nie!

“*Deal!*” antwoord Bettie en hou haar hand uit na Gielie, maar besef skielik dat hy nie regtig ‘n *high-five* kan gee nie en laat sak haar hand.

Gielie kom regop op sy pote en staan met sy lyfie in die lug. “Toe nou, ek is nie so klein nie!” antwoord Gielie.

Bettie lag hardop en met haar vinger gee hulle mekaar ‘n wurmpoot *high five!*

Bettie staan stadig op, skud die grond van haar jas af en kyk na Gielie. “Sien jou dan môreaand?” vra sy.

“Volg net die lig, en jy sal my vind!” antwoord Gielie en seil stadig weg.

Bettie trippel die berg af, baie bly dat sy nie lewendig opgeëet is deur ‘n groot rooi monster nie en nog blyer dat sy ‘n nuwe maatjie gemaak het! En dit met ‘n gloeiende wurm nogal! *Joh*, niemand gaan haar hierdie keer glo nie! Nee, sy sal vir Gielie haar geheime avontuur maak!

Voor Bettie haar oë toemaak om aan die slaap te raak, sien sy weer die bloueriige-pienk skynsel wat deur die kamervenster kom, kompleet asof Gielie vir haar nag sê! Bettie kyk so oomblik, glimlag saggies en raak aan die slaap terwyl sy van ‘n vriendelike en gloeiende wurm droom!